




Fluweelarmbande

Benodig: Fluweel, 'n klein stukkie velcro-kleefstrook, pêrel- en/of glaskrale.

Aanwysings: Sny twee 8-cm-stukke fluweel lank genoeg om jou gewrig te pas, plus 4 cm vir die omslag. Vou elke stuk materiaal in die lengte dubbel met die regte kant na binne. Werk die nate toe en dop dit om. Vou die rafelrande in en werk dit netjies vas. Knip twee stukkie velcro vir elke armband en werk een stuk na aan die linkerpunt vas. Die ander stuk word aan die regterkant onder vasge- werk. Werk krale op die materiaalarm- band vas.

Kartonarmbande

Benodig: Karton, spuitverf, dik goue papier, 'n verskeidenheid van gekleurde steentjies of glasstukkies, klein spieëltjies, krammetjies en gom.

Aanwysings: Sny 5-cm-repe karton lank genoeg om jou arm te pas (omtrent 25 cm). Vorm 'n sirkel en kram die twee eindpunte aan mekaar vas. Spuit die armband vol verf vir interessante tek- stuur kan die verf deur sifdraad gespuut word. Plak gekleurde steentjies of glas- stukkies en spieëltjies op die karton vas volgens smaak.

Die seskantige armband word op die- selfde manier gemaak maar word vooraf gemeet en op die vou langs gebuig. Hierdie armband is oorgetrek met goue bladaluminium maar kan ook gespuut- verf word.

Pretjuwele vir die aand

Dra saam met die fluweel wat nou so gewild is, brokaat, sy en satyn en 'n oorvloed van kostuumjuwele. Hier is 'n paar maniere om dit self te maak.

Toegedraaide armband

Benodig: 'n Oorskietstukkie fluweel, goue lamé, gouddraad, chiffon, 'n ver- skeidenheid van gekleurde steentjies of glasstukkies en krale, gom en spuitverf.

Aanwysings: Draai stukkie oorskiet- materiaal om 'n ou armband. Plak eindpunte goed met gom vas en plak gekleurde steentjies en krale daarop vas.

Die rooi armband is gemaak van oor- skietstukkies fluweel en chiffon. Na die materiaal vasgeplak is, word gouddraad om die armband gedraai.


Borsspeld

Benodig: Plastiese stopverf (beskikbaar

by ysterwarewinkels), krale, pêrels en stukkies spieëlglas, 'n klein blikkie swart glansverf, die speld van 'n ou borsspeld en sterk gom.

Aanwysings: Skep 'n hupie stopverf op 'n stuk karton en druk dit in 'n vorm waarvan jy hou. (Dit moet op die karton bly tot dit hard is om die speld dan agterop vas te plak.) Na vyftien minute, druk jy die pêrels, krale en spieëlstukkies in die stop- verf vas. Laat borsspeld oornag staan om droog te word. Verf borsspeld versigtig met 'n fyn kwassie om te voorkom dat daar verf aan die pêrels en krale kom. Laat droog word en plak 'n speld of ou plat borsspeld agterop vas.

NA BLADSY 86



Tienerhoetiek

Versterk daardie geur
met Maggi Kitsekstrak

BIEF-KARBONNADE

Bedien 'n smaaklike beesvleis en pikante spek-sensasie

750 g stowebiefstuk, in blokkies
gesny • 15-20 ml olie • 75 g spekvleis,
gesnipper • 2-3 uie, in dun skyfies
gesny • 30 ml meelblom • 1 knoffel-
huisie, fyngedruk • 500 ml bier •
10 ml Maggi Kits Biefekstrak •

5 ml suurlimoensap • 3-4 geel-
wortels, in ringe gesny •
knippie neutmuskaat •
sout en swart peper na
smaak • bossie kruie.

Braai bief en spekvleis saam in
olie tot ligbruin. Voeg uie by en
soteer tot deeglik bruin. Strooi
meelblom bo-oor en voeg
oorblywende bestanddele by.
Gebruik 'n kasserolbak en bak
teen 180°C vir 1½ uur, of totdat
sag.
Bedien 4-6.



Maggi

Jy en Maggi sit smaak in 'n maal

BARKER, McCORMAC 2420/4/A

Tienerboetiek

VAN BLADSY 85

ROOI BEENMOFFIES

BENODIGDHEDE: Mirage DK (25-g-bolle
of 100-g-uittrekstringe) 75 g rooi (806), 75 g
geel (821), 75 g pers (871), 75 g oranje (823),
breinaalde van 4,50 mm.

SPANNING EN AFKORTINGS: Soos
uiteengesit vir lila beenmoffies (hieronder).

AANWYSINGS: Stel met rooi 50 ste op en
brei 7 cm 2x2-rif.


Slaan oor na koussteek.

Volf diagram en vermeer aan weersk van
elke 10e ry, 5 keer altesaam — 60 ste.

Wanneer die fair isle-motief volgens
diagram voltooi is, moet slegs met rooi
voortgebrei word. Brei nog 17 cm 2x2-rif en
brei dan 1 cm buissteek en heg volgens
maasmetode af. Werk naat toe.

DIAGRAM VIR ROOI BEENMOFFIES

- ☒ oranje
- ☒ pers
- ☒ geel
- ☐ rooi



LILA BEENMOFFIES

BENODIGDHEDE: Mirage DK (100-g-uit-
trekstringe of 25-g-bolle); 50 g elk lila, pers,
pienk en rooi; (nrs. lila 870, pers 871, pienk
837, donkerpienk 892); paar breinaalde van
4,50 mm.

SPANNING: 20 steke en 24 rye = 10 x 10
cm oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei

aweregs; st(e) - steek (steke); awg -
aweregsgewys; gl - glip; vermeer - ver-
meerder; vermin - verminder; beg - begin;
ulg - volgende; rif - ruffelsteek (= een steek
regs, een steek aweregs).

Buissteek: Brei oor 'n ewe getal steke elke
ry: *r1, glawg*.

Driekleurkombinasie: 1e Ry: Met lila, r
tot einde.

2e Ry: Brei deurgaans aweregs.

*3e Ry: Met pienk, *r1, gl* tot einde.

4e Ry: Brei deurgaans aweregs*.

5e-14e Ry: Herh van * tot *, maar verwissel
kleure in volgorde van pers, lila, pienk, pers,
lila.

AANWYSINGS: Stel met donkerpienk 50
ste op en brei 9 cm rif, vermeer 1 st aan beg
en einde van elke 14e ry (= elke 6 cm).

Slaan oor na ks. Wissel die onderskeie fair

isle-patrone soos volg af:

Begin met die 3-kleurkombinasie van eerste 14 rye en brei 2 rye ks met donkerpienk.


Volg diagram van A tot D (daar sal nou 62 ste in gebruik wees).

Brei 5 rye in 3-kleurkombinasie.

Brei met donkerpienk 10 rye rif en eindig met 1 cm buissteek. Maas steke met 'n stomp naald en dieselfde garing as breiwerk weg, maar werk van links na regs en steek naald onder eerste steek in. *Steek naald onder eerste en tweede steek in, laat 1e st van breinaald afgly*. Herh tot al die steke van breinaald afgewerk is. Werk naat toe.

DIAGRAM VIR LILA BEENMOFFIES (Lees van A na D).

Eerste rondte A B C D



GROEN BEENMOFFIES

BENODIGDHEDE: Mirage DK, 25-g-bolle of 100-g-uittrekstringe; 1 bol elk groen (106), wit (801), blou (838) en donkerblou (814); breinaalde van 4,50 mm.

SPANNING, AFKORTINGS EN STEKE: Soos uiteengesit vir lila beenmoffies (op bl. 86)

Veelkleurige patroon: 1e en 2e Ry: Met blou r tot einde.

3e Ry: Met groen, *r3, gl1* tot einde.

4e Ry: Brei regs tot einde.

5e Ry: Brei regs tot einde.

6e Ry: Met wit, *r3, gl1wg*.

7e Ry: Brei regs tot einde.

8e Ry: Brei regs tot einde.

9e Ry: Herh vanaf 3e ry en wissel die vier kleure af soos verkies.

LET WEL: Draai garing aan agterkant van werk ineen om gate te voorkom.

AANWYSINGS: Stel 50 ste met donkerblou op en brei rif, maar wissel 4 rye

donkerblou, 4 rye groen, 4 rye wit en 4 rye blou af.

Slaan oor na koussteek.

Vermeer 1 st aan weersk van elke 10e ry, 5 keer altesaam (5 cm uitmekaar).


Wissel terselfdertyd die verskillende patrone só af: Brei 7 cm volgens diagram A in veelvuldige kleurkombinasie. Brei 5 cm

volgens diagram B in veelvuldige kleurkombinasie. Brei 3 cm ks, met ligblou.

Volg diagram C en brei 7 cm ks, met groen. Brei dan weer rif, 4 rye blou, 4 rye wit, 4 rye groen. Brei nog 6 rye buissteek met donkerblou en heg af volgens maasmetode.

Werk agternaat toe.

DIAGRAM VIR GROEN BEENMOFFIES



□ donkerblou

✕ groen

● wit

▤ blou

Barstensvol geur
met Maggi Fondor

TUNATERTJIES

Hier's 'n tunagenot
wat maklik
voorberei
kan word

8-10 snye brood, kors afgesny • 50 ml gesmelte botter • 1 pakkie Maggi Beesstersop, voorberei met 300 ml water • 1 blik (200g) tuna, gevlok • 250 ml gesnyde sampioene • 5 ml gemengde kruie • ½ rooi soetrissie, gesny • pietersielie • Maggi Fondor na smaak.

Druk die brood liggies in kolwyntjiepanne. Borsel goed met botter. Bak teen 180°C vir 15-20 minute — tot bros. Berei sop. Voeg tuna, sampioene, kruie en soetrissie by. Geur met Fondor. Skep warm mengsel in warm brooddoppe. Garneer met pietersielie. Bedien 4-5.



Maggi

Jy en Maggi sit smaak in 'n maal